Saam boer ons vooruit
Together cultivating success
www.laeveld.co.za

Etienne Carey

Area: Nelspruit

T: 082 388 4240 / E: etiennec@laeveld.co.za

Gewasse:
Groente, makadamias, avokado's, sitrus, mango's en lietsjies
Aanbieding:
Oesbeskerming, plantvoeding, presisiedienste

Etienne Carey is in Junie 1979 in Johannesburg gebore en het in 1997 aan Hoërskool Rob Ferreira in Witrivier gematrikuleer.

Na skool het hy sy Landboudiploma by die Nelspruit Landboukollege voltooi, waarna hy vir 'n ruk met tamaties en kool by Louw's Creek geboer het. Daarna het hy by die Impala-kunsmisspan aangesluit en in 2005 het hy saam met sy broer, Charl Carey, as agent by Laeveld Agrochem in Nelspruit begin werk.

In sy vrye tyd spandeer hy graag tyd saam met sy familie. Hy en sy vrou, Annelize, tree op as tydelike pleegouers vir kinders wat uit moeilike omstandighede kom. Hy beskryf sy huislike lewe as ontsettend geseënd en is baie dankbaar vir alles wat hy het. *"Ek is gelukkig getroud en my huis en my hart is vol – wat beteken ek het bereik wat ek wou in die lewe,"* vertel hy.

Etienne vang kompeterend vis saam met sy sussie, Felicity, waar hulle swartbaars teiken. Verder is hy mal oor jag vir biltong of vir die pot, en sy ander gunsteling tydverdryf is om stoksielalleen in die veld te gaan stap. Etienne speel ook graag gholf en spog met 'n voorgee wat glad nie te sleg is nie.

Hierdie volbloed Laevelder spesialiseer in groente-gewasse, makadamias, avokado's, sitrus, mango's en lietsjies. Etienne is CropLife geakkrediteerd en het jare se ondervinding en beproefde kennis in gewasbeskerming en plantvoeding. Hy bied van tyd tot tyd opleiding aan vir produsente en aarbeiders oor die veilige hantering van oesbeskermingsprodukte by makadamiaboorde.

Hiermee saam bied Laeveld Agrochem optimale ondersteuning met hul groot span kundiges, asook dienste soos presisieboerdery, MYFARMWEB™ van Agri Technovation, en 'n wye reeks beskikbare produkte.

Etienne glo dit is baie belangrik om 'n persoonlike verhouding met sy kliënte op te bou en hy geniet dit om uit te vind wat die mens agter die boer inspireer. Sommige van sy kliënte se kinders het voor hom grootgeword en boer vandag self, só stap hy al 'n lang pad saam met mense deur die goeie en slegte tye.

Etienne sê: *"Ek glo 'n mens moet elke dag 'n verskil probeer maak – of jy nou vir die boemelaar langs die pad 'n brood koop of 'n ou tannie in die straat vriendelik groet. 'n Mens kan elke dag probeer om 'n beter persoon te wees en 'n positiewe verskil in jou gemeenskap te maak. Dis 'n goeie ding om dankbaar te wees, maar dis nog beter om dankbaar te leef."*

Laeveld Agrochem verseker opbrengs-optimalisering volgens elke produsent se spesifieke behoeftes.
Ons gekwalifiseerde landboukundiges, wat ondersteun word deur 'n groot span tegniese spesialiste, het die kennis en kundigheid om met die volledige spektrum van gewasbeskerming, grondoplossings en plantvoeding, die beste advies te gee.